

VEREENVOUDIG DIE TWEEPOTSTELSEL



HOEKOM IMPLEMENTEER DIE REGERING DIE TWEEPOTSTELSEL

Die twee-pot aftreestelsel is ontwerp deur die regering om die kultuur van besparing te bevorder. Dit stel lede in staat om hul aftreespaargeld te prioriteer terwyl hulle ook noodfondse het. Dit beteken dat jy toegang tot sommige van jou aftreespaargeld sal kan kry, in 'n noodgeval, sonder om jou werk te verlaat. Die voorgestelde datum van implementering is 1 September 2024.

JOU AFTREESPAARGELD SAL IN 3 KOMPONENTE VERDEEL WORD. DIT SAL 'N GEVESTIGDE KOMPONENT, SPAAR KOMPONENT EN 'N AFTREE KOMPONENT INSUIT. VERSKILLENDRE REÛLS GELD OP ELKE KOMPONENT.

AFTREESPAARGELD OP 31 AUGUSTUS 2024

Jou Fonds sal 'n eenmalige verpligte oorplasing doen van 10% (beperk tot R30 000) van jou aftreespaargeld soos op 31 Augustus 2024. Die res van die fondse sal in jou gevestigde komponent bly.

AFTREE BYDRAE VANAF 1 SEPTEMBER 2024

Jou aftree bydrae sal in 2 komponente verdeel word. 1/3 na jou spaar komponent, en 2/3 na jou aftree komponent.



GEVESTIGDE KOMPONENT

- Die fondse in jou gevestigde komponent sal steeds die vorige reëls volg.
- Wanneer jy jou werkgewer verlaat kan jy:
 - bly as 'n opbetaalde lid van die fonds,
 - die geld na 'n ander fonds oordra,
 - jou geld in kontant vat,
 - of 'n kombinasie van ii en iii.



1/3 SPAAR KOMPONENT

- Vir noodgevalle kan jy 'n minimum van R2000, voor aftrekkings, onttrek sonder om jou werkgewer te verlaat en jy kan fondse los vir jou aftrede.
- Let wel, jou grensbelasting koers sal net een keer per belastingjaar geld.



2/3 AFTREE KOMPONENT

- Jy kan nie enige van jou fondse onttrek wanneer jy jou werkgewer verlaat nie. Die fondse sal steeds belê word totdat jy aftree.
- Jy moet 'n inkomste (annuïteit) koop wanneer jy aftree.

VOORBEELD

'n Lid met 'n bestaande fondswaarde op 31/08/2024 van R150 000 en 'n maandelikse herhalende bydrae van R900.

EFFEKTIEF 1 SEPTEMBER 2024



- R15 000 (10% van R150 000) sal na jou spaar komponent oorgeplaas word.
- Die oorblywende aftree spaargeld in jou gevestigde komponent sal R135 000 wees.
- Die bestaande fondswaarde sal aanhou groei, maar geen verdere bydraes sal na jou gevestigde komponent gaan nie.

- Die bedrag wat na jou spaar komponent oorgeplaas word, sal R15 000 wees.
- R300 (1/3) van jou toekomstige bydrae gaan elke maand na jou spaar komponent toe.
- Dit moet slegs in noodgevalle of by aftrede onttrek word.

- R600 (2/3) van jou bydrae gaan elke maand na jou aftree komponent toe.
- Jy sal nie toegelaat word om hierdie geld te onttrek tot aftrede nie en daar sal van jou verwag word om 'n inkomste (annuïteit) te koop.

Dit is altyd die beste om soveel as moontlik vir jou aftrede te spaar sodat jy gemakliker kan aftree.

Kontak 'n GIB Finansiële Beplanner voordat jy die fondse in jou spaar komponent gebruik of as jy enige bystand met jou aftreebeplanning benodig.